

MUNISIPALITEIT
Wes Kaap

UMASIPALA WASE
Intshona - Koloni

MUNICIPALITY
Western Cape

Posbus / P.O.Box 19 George 6530 Tel: 044 - 8019111 Fax: 044 - 8733776

BOULYNVERSLAPPING: AFWYKING IN TERME VAN ARTIKEL 15 VAN DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKSBEPLANNING, 1985 (ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

Die bouplan wat u ingedien het vir goedkeuring in terme van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) voldoen ongelukkig nie aan die boulyne soos bepaal deur die sonering van u eiendom nie. Gevolglik moet 'n aansoek vir afwyking (verslapping van die boulyn) by die stadsbeplanningsafdeling ingedien word van hierdie Munisipaliteit waarna dit geprosesseer sal word in terme van Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985).

Hiervoor benodig die stadsbeplanningsafdeling 'n volledige voltooide aansoekvorm soos hierby aangeheg. Indien hierdie aansoek vir afwyking enige ander grondgebruiksgoedkeuring of opheffing van titelbeperking noodsaak, sal die stadsbeplanningsafdeling nie hierdie afwykingsaansoek in isolasie kan prosesseer nie. Alle goedkeurings moet in plek wees alvorens die stadsbeplanningsafdeling u bouplanaansoek kan finaliseer. Dit stel u ook nie vry van enige ander wetlike vereistes nie.

Met ontvangs van u aansoek soos hierbo beskryf, sal die stadsbeplanningsafdeling geregistreerde kennisgewings dien op die geaffekteerde grondeienaar(s). Die tydperk waarbinne die geaffekteerde grondeienaar(s) gemotiveerde besware moet in dien by die stadsbeplanningsafdeling, indien enige, is 30 dae vanaf registrasie van die kennisgewing. U sal geleentheid kry om repliek te lewer op enige beswaar ontvang. Indien geen beswaar ontvang is nie, sal die stadsbeplanningsafdeling onverwyld die meriete van u aansoek evalueer en die nodige aanbeveling deurgee aan die boubeswaarfiling vir verdere hantering.


Met die ontvangs van 'n beswaar, sal die aansoek vir boulynverslapping tesame met u repliek voorgelê word aan die Behuising en Grondsake Komitee vir besluitneming. Die besluit van hierdie Komitee word dan voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeester-in-Komitee vir bevestiging. Daarna kan die stadsbeplanningsafdeling die besluit oordra en die bouplan verder prosesseer. Indien die boulynverslapping afgekeur word sal u 'n reg tot appèl ontvang teen die besluit soos bepaal deur Artikel 44 van die genoemde Ordonnansie. Indien die boulynverslapping goedgekeur word, sal die beswaarmaker(s) ook 'n reg tot appèl kry teen die besluit. Met die ontvangs van 'n appèl, kan die bouplan nie verder geprosesseer word alvorens die appèl nie beslis is nie. Die tydperk vir die indiening van 'n appèl is 21 dae nadat die besluit aan die applikant/beswaarmaker oorgedra is. Die appèlowerheid is die Provinsiale Regering: Wes-Kaap en geen aanduiding van die tydperk wat dit sal neem om die appèl af te handel is beskikbaar nie.

Indie u enige verdere vrae het is u welkom om 'n afspraak te reël met een van die stadsbeplanners:

George
Wilderness en landelike gebied
Stadsbeplanningontvangs

Thys Calitz (044 – 801 9182)
Amour Stoffels (044 – 801 9436)
044 – 801 9477

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.



MUNISIPALITEIT
Wes Kaap

UMASIPALA WASE
Intshona - Koloni

MUNICIPALITY
Western Cape

Posbus / P.O.Box 19 George 6530 Tel: 044 - 8019111 Fax: 044 - 8733776

RIGLYNE VIR DIE INDIENING VAN GRONDGEBRUIK AANSOEKE: AFWYKINGS TEN OPSIGTE VAN BOUPLANNE (BOULYNVERSLAPPING)

Neem kennis dat die regulasies uitgevaardig kragtens Artikel 47(1) van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) bepaal dat alle inligting verstrek, korrek en voldoende moet wees om die oorweging van die aansoek moontlik te maak.

Indien hierdie aansoek vir afwyking enige ander grondgebruiksgoedkeuring of Opheffing van Titelbeperking(s) noodsaak, sal die stadsbeplanningsafdeling nie hierdie afwykingsaansoek in isolasie kan prosessee nie. Alle goedkeurings moet in plek wees alvorens die stadsbeplanningsafdeling u bouplanaansoek kan afhandel. Dit stel u ook nie vry van enige ander wetlike vereistes nie.

DIE VOLGENDE DOKUMENTE MOET HIERDIE AANSOEK VERGESEL:

1. Landmeter-Generaal Erf diagram
2. Afskrif van Titelakte en/of Aktebesorgersertifikaat (indien van toepassing)
3. Toestemming van Verbandhouer (Bank)
4. Volmag (indien aansoeker nie die geregistreerde eienaar is nie)
5. Liggingsplan (A4)
6. Terreinontwikkelingsplan (A4 of A3 grootte met kontoere, indien van toepassing)
7. Volledige motiveringsverslag ingevolge die minimum riglyne soos voorgeskryf hieronder:
 - Of die voorstel sal inpas by die bestaande beplanning en die omliggende grondgebruike van die gebied.
 - Die invloed wat die voorstel sal hê op die omgewing.
 - Of die voorstel 'n impak sal hê op erfenishulpbronne.
 - Die impak van die voorstel op bestaande bome op terrein of in die straat.
 - Die invloed wat die voorstel sal hê op die verkeer- en/of parkeersituasie van die gebied.
 - Die invloed wat die voorstel sal hê op omliggende fasiliteite soos skole, oop ruimtes en ander gemeenskapsfasiliteite indien die aansoek sou lei tot 'n toename in inwonertal van die gebied.
 - Die invloed wat die voorstel sal hê op die bestaande karakter van die omgewing en die regte van mense ten opsigte van eiendomswaardes, privaatheid, uitsig, sonlig, ensovoorts.
 - Die voorsiening van dienste.
8. Gesertifiseerde 1:50 jr vloedlyn sertifikaat (indien nodig)
9. Bevestiging dat 'n aansoek in terme van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 of die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 nie nodig is nie. (Indien nodig)

Enige verdere navrae kan gerig word aan:

Die Stadsbeplanningsafdeling: George Munisipaliteit

Posbus 19, George, 6530

Tel: 044-8019477 / Faks: 044-801 9432 / E-pos: stadsbeplanning@george.org.za



G E O R G E

MUNISIPALITEIT
Wes Kaap

UMASIPALA WASE
Intshona - Koloni

MUNICIPALITY
Western Cape

Posbus / P.O.Box 19 George 6530 Tel: 044 - 8019111 Fax: 044 - 8733776

**AANSOEK OM GRONDGEBRUIKSVERANDERING INGEVOLGE DIE
ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORD. 15 VAN 1985)**

AFWYKING INGEVOLGE ARTIKEL 15 VAN DIE ORDONNANSIE (BOULYNVERSLAPPING)

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN AANSOEKER

1.1 Naam van persoon of instansie aan wie korrespondensie gerig moet word:

.....

Adres:

.....Poskode:

Skakelkode en Telefoonnommer:.....Faksnommer:

Selnommer:E-pos:.....

1.2 Is die aansoeker ook die geregistreerde eienaar van die betrokke eiendom?

Ja.....Nee.....

Indien nie, heg 'n volmag van die geregistreerde eienaar(s) by die aansoek aan. Dit geld ook indien die persoon wat aansoek doen, nog besig is om die grondeenheid te verkry en indien die grondeenheid deur 'n maatskappy of meer as een persoon besit word.

1.3 Naam/name van geregistreerde eienaar(s):

.....

2. BESONDERHEDE VAN GRONDEENHEID

Geregistreerde eiendomsbeskrywing ingevolge titelakte(s).....

Straat adres (indien van toepassing):.....

Dorp/Area:Eiendoms grootte:

Huidige gebruik en verbeterings:

Huidige sonering:

3. **BESONDERHEDE VAN AANSOEK**

3.1 Aard van Aansoek

3.1.1 Hoogte

In die geval van 'n boulynverslapping moet daar ook gelet word op die hoogte van die struktuur.

Vir 'n eiendom gesoneer as Enkelwoonsone word 'n motorhuis/buitegebou beperk tot een verdieping en 'n hoogte van 3m. Waar 'n motorhuis/buitegebou dus hoër is as 3m (gemeet vanaf die afgewerkte vloerhoogte tot die hoogste punt van die dak), moet die aansoek vir afwyking ook die hoër hoogte van die motorhuis/buitegebou insluit. In die geval van 'n afwyking vir 'n hoër hoogte, moet dit ook in die motivering aangespreek word (3.1.2 hieronder).

Vir ander sonerings moet die applikant die relevante soneringskema bestudeer ten einde te bepaal of afwykings van die hoogte beperkings ter sprake is of nie.

Die hoogte van die voorgestelde struktuur waarvoor die boulynverslapping versoek word, is as volg:

.....

3.1.2 Motivering

Beskryf die boulynverslapping waarvoor aansoek gedoen word kortliks of heg 'n gedrukte motiveringsverslag aan.

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

3.1.3 Ander beperkings

Beskryf enige ander beperkings op die eiendom wat in aggeneem moet word alvorens die aansoek gefinaliseer kan word, bv. Titelbeperkings, omgewings of erfinisbeperkings, boulynbeperkings van toepassing op provisiële en nasionale paaie, munisipale dienste, en geregistreerde serwitute.

.....
.....
.....
.....
.....

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat al die inligting wat in hierdie deel van die vorm verskyn, asook die inligting in die aanhangsels, korrek en volledig is en dat die aansoek verstaan word.

VOLLE NAAM.....

HANDTEKENING.....

DATUM.....